higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ‘n Ekstra toelating wat ingebou is in die moukop en lyfieblokke om toe te laat vir beweging.

A Skering (‘Warp’)
B Stapel (‘Lay’)
C Ruimte (‘Ease’)
D Opnaaisel (‘Tuck’)

1.1.2 Dun, deurskynende, glansende sy-organdie materiaal.

A Perkal (‘Percale’)
B Organsa (‘Organza’)
C Rayon
D Pandjee (‘Pongee’)_

1.1.3 Gemeet vanaf die skouernaat by die halslyn, na die onderpunt van die maatbant by die middellyf.

A Bolyflengte voor (‘Front waist length’)
B Buustepunt (‘Bust point’)
C Skouer tot onderbors (‘Shoulder to underbust’)
D Skouer tot boborsmaat (‘Shoulder to upperbust’)

1.1.4 Hierdie sakke word aan die kledingstuk gewerk by die middlelyf en synate.

A Naatsakke (‘In-seam pockets’)
B Omgeboorde sakke (‘Bound pockets’)
C Heupsakke (‘Hip pockets’)
D Blazersakke

1.1.5 Hierdie moet oorgedra word op die materiaal nadat dit uitgeknip is.

A Draadrigtingpyle
B Keepmerke (‘Notches’)
C Merke
D Voulyn

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Dit word oor die algemeen aangewend om dele van kledingstukke te versterk en te stabiliseer.

A Vilt
B Lint
C Tussenbelegsel
D Baleining

1.1.7 Hierdie steek is ‘n meer dekoratiewe agtersteek en word hoofsaaklik gebruik om ‘n ritssluiter met die hand in te werk. (‘hand-pick’)

A Vangsteek (‘Catch stitch’)
B Priksteek (‘Prick stitch’)
C Sweepslagsteek (‘Whipstitch’)
D Pikeersteek (‘Pick stitch’)

1.1.8 ‘n Dekoratiewe steek wat gebruik word vir soomwerk.

A Rimpelplooisteek (‘Shirring stitch’)
B Kruissteek ‘(Cross stitch’)
C Blindesteek ‘(Blind stitch’)
D Reksteek ‘(Stretch stitch’)

1.1.9 ‘n Lang pylnaat wat pas in die middellyf, en afspits in twee teenoorgestelde rigtings.

A Kontoerpylnaat
B Halslyn
C Franse pylnaat
D Middellyfpylnaat

1.1.10 Die groottes vir rokke, jasse, bloese en baadjies in kommersiële patrone word gekies volgens die …

A heupmaat
B middellyfmaat
C borsmaat
D bors- en middellyfmaat

1.1.11 Dit is ‘n skerp gepunte instrument met ‘n naald.

A Lemoenstokkie (‘Orange stick’)
B Skuifnaald (‘Bodkins’)
C Stilet (‘Stiletto’)
D Garingdeursteker (‘Needle threader’)

Kopiereg voorbehou

1.1.12 ‘n Liggewig materiaal wat aangewend word aan die verkeerde kant van ‘n kledingstuk om hoofsaaklik addisionele sterkte te gee.

A Belegsel
B Ondervoering (‘Underlining’)
C Tussenbelegsel (‘Interfacing’)
D Voering (’Lining’)

1.1.13 Die knoopsgat wat gemaak word deur stroke of stukke materiaal aan die knoopsgatarea te stik op verskillende maniere.

A Omgeboorde knoopsgat (‘Bound buttonhole’)
B Masjiengewerkte knoopsgat
C Handgewerkte knoopsgat
D Horisontale knoopsgat

1.1.14 Hierdie instrument word gebruik om steke los te trek en om ‘n masjiengemaakte knoopsgat oop te sny.

A Knoopsgatskêr (‘Buttonhole scissors’)
B Kartelskêr (‘Pinking shears’)
C Torringmessie (‘Seam ripper’)
D Borduurskêr

1.1.15 ‘n Proses waarin vog, hitte en druk gebruik word om kort vesels te vervleg (‘interlocking’) en ‘n matagtige laag te vorm.

A Vervilting (‘Felting’)
B Aanmekaarsmelting (‘Fusing’)
C Binding
D ‘Netting’

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Kronkelrygsteek (‘Serpentine stitch’) is ‘n voorbeeld van ‘n masjiensteek.

1.2.2 Sweepslagsteek (‘Whipstitch’) word gebruik om belegsels aan naattoelatings vas te werk.

1.2.3 Wegknip word gedoen voor uitdunning om ‘n gelyke wydte te kry of dit word gedoen by die hoeke van krae of sakke.

1.2.4 ‘n Peter Pan-kraag is ‘n voorbeeld van ‘n opstaankraag.

1.2.5 ‘n Opgestikte sak word gemaak van ‘n dubbellaag materiaal.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Die sierlasnaat (‘fagotted’) is geskik vir bloese, rokke en ‘guardian dresses’.

1.2.7 Pylnate word gebruik om volheid aan die kledingstuk te gee.

1.2.8 Filamentvesels is kort vesels wat van 3 cm tot 5 cm in lengte varieer.

1.2.9 ‘n Kleremaaksterskêr word gebruik om garingknoopsgate (‘worked buttonholes’) oop te knip. ‘

1.2.10 Viskose-rayonvesel is ‘n voorbeeld van ‘n sintetiese vesel.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Twee voulyne en twee plasingslyne	A	vingerhoed
1.3.2	Die kraag wat opstaan teen die nek en val oor die staanboordjie (‘stand’)	B	kleremakerskussing (‘tailor’s ham’)
1.3.3	Dit beskerm die middelvinger tydens handwerk	C	omsluitsteekmasjien (‘overlocker’)
1.3.4	Dit word gebruik om lae materiaal vas te hou	D	naatrol
		E	els (‘awl/stiletto’)
1.3.5	‘n Band materiaal wat aangeheg word aan ‘n mourand	F	stolpplooie
1.3.6	‘n Silindriese kussing wat gebruik word om nate oop te stryk	G	haakspeld
		H	mesplooie
1.3.7	‘n Ovaalgevormde kussing wat gebruik word om gevormde dele van ‘n kledingstuk te pars en volheid weg te krimp	I	mouboordjies
		J	rolkraag
1.3.8	Dit word gebruik om rou rande netjies mee af te werk	K	omhulsel (‘casing’)
1.3.9	Dit is ‘n skerp gepunte instrument wat gebruik word om ogies in te pons		
1.3.10	‘n Materiaaltonnel gemaak om ‘n rek of intrekkoord te omsluit		

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit slegs langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 ‘n Soliede blok wat gebruik word om garing oor te trek en dan knope op mansklere, jasse en baadjies daarmee aan te werk.

1.4.2 ‘n Mensgemaakte vesel verkry deur die chemiese prosessering van rou materiaal.

1.4.3 Stroke of bande gesny op die ware skuinsste.

1.4.4 Die mou word aangesny aan die lyfie en is meestal lospassend.

1.4.5 Vasmaakmiddels met reguit ogies vir oorslaanrande of lussie-ogies (‘loop eyes’) vir rande wat bymekaarkom.

1.4.6 Plooie met EEN voulyn en EEN plasingslyn.

1.4.7 Hierdie kraag lê plat op die skouers teen die kledingstuk, en staan slegs effens bo die kledingstuk se halslyn op.

1.4.8 Die afgewerkte onderrand van ‘n kledingstuk.

1.4.9 Die materiaal wat gebruik word om die rou tande van ‘n kledingstuk soos die nek, armholte en voor- en agteropening af te werk.

1.4.10 Hierdie mou is wyd by die bokant en word in ‘n laaggesnyde armholte wat ook vierkantig kan wees, ingesit.

1.4.11 ‘n Reguit geweefde strook wat gebruik word om soomrande en steunnate (‘staying seams’) in geweefde kledingstukke mee af te werk.

1.4.12 ‘n Pylnaat wat diagonaal van die synaat in die heuparea strek na die bors.

1.4.13 Die soort knoopsgat wat gemaak word van stroke of stukkies gestikte materiaal.

1.4.14 Hierdie soort sak is sigbaar aan die buitekant van die kledingstuk en kan gesny word in verskeie vorms en groottes.

1.4.15 ‘n Masjiennaald wat aanbeveel word vir alle geweefde materiaal.

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Kwaliteitstandaarde is noodsaaklik om te verseker dat die produkte wat vervaardig word van hoogstaande gehalte is.
Gee TWEE kwaliteitstandaarde vir elk van die volgende:

2.1.1 Mouboordjies

2.1.2 Some

2.1.3 Knoopsgate

2.1.4 Krae

2.1.5 Rek

(5 × 2) (10)

2.2 Definieer die volgende materiaalafwerkmetodes:

2.2.1 Bosselering (‘Embossing’)

2.2.2 Verglansing (‘Glazing’)

2.2.3 Pluising (‘Napping’)

2.2.4 Kalandering (‘Calendaring’)

2.2.5 ‘Moireing’

(5 × 2) (10)

2.3 Bestudeer die onderstaande sketse van die damesromp en beantwoord die vrae:



FIGUUR 1

2.3.1 Noem en definieer die plooie op die romp. (2)

2.3.2 Bespreek VYF punte om in gedagte te hou wanneer plooie gemaak word. (5 × 2) (10)

2.3.3 Noem TWEE ander soorte plooie. (2)

2.3.4 Gee die funksie van plooie op 'n kledingstuk. (1)

2.3.5 Bespreek die kwaliteitstandaarde met die maak van die bogenoemde plooie. (5 × 2) (10)

2.4 Die reguit middellyfband word algemeen gebruik op damesrompe en -broeke en verskaf kwaliteitafwerking aan die middellyf.

2.4.1 Verduidelik hoe die reguit middellyfband aangesit word aan die middellyf van die romp in FIGUUR 1 hier bo. (10)

2.4.2 Noem enige TWEE plekke op die romp waar 'n ritssluiteropening gebruik kan word. (2)

2.4.3 Noem TWEE ander metodes om volheid weg te werk. (2)

2.4.4 Noem die materiaal wat gebruik kan word om die middellyfband te versterk en te keer dat dit uitrek. (1)

[60]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Bestudeer die DRIE sketse van die naalde in FIGUUR 2 hier onder en benoem die letters (A−H) langs die vraagnommer (3.1.1) in die ANTWOORDBOEK. (8)



FIGUUR 2

3.1.2 Noem die DRIE soorte masjiennaalde. (3)

3.1.3 Gee VYF kwaliteitstandaarde vir stiksels. (5 × 2) (10)

3.1.4 Noem DRIE klassifikasies van krae. (3)

3.1.5 Bespreek die proses om ‘n naald in die naaimasjien in te sit. (3)

3.1.6 Bespreek die metode om drukknopies (‘press studs’) in te sit. (3)

3.2 Knope kan gebruik word as vasmaakmiddels in kledingstukke.

3.2.1 Noem TWEE soorte handgewerkte horisontale knoopsgate wat gebruik kan word by openinge in kledingstukke. (2)

3.2.2 Bespreek die DRIE punte om te onthou wanneer jy knoopsgate met die hand maak. (3 × 2) (6)

3.2.3 Gee VIER soorte opnaaisels. (4)

3.2.4 Noem TWEE ander metodes om volheid op kledingstukke weg te werk. (2)

3.3 Noem SES voorbeelde van inligting wat op die agterkant van ‘n kommersiële patroon verskyn. (6)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die skets in FIGUUR 3 hier onder:



FIGUUR 3

4.1	Verduidelik die stappe om die halslyn met ‘n belegsel soos in FIGUUR 3 af te werk.	(9 × 2)	(18)
4.2	Bestudeer die skets hier bo van die belegsel en benoem die letters (A−D).		(4)
4.3	Noem DRIE kwaliteitstandaarde van belegsels.	(3 × 2)	(6)
4.4	Gee TWEE areas waar belegsels op ‘n kledingstuk gebruik kan word.		(2)
4.5	Noem DRIE gebruike van sy (‘silk’).	(3 × 2)	(6)
4.6	Noem die VIER naattegnieke wat hoofsaaklik op kledingstukke gebruik word.		(4)
			[40]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou